**Verslag aan die Kerkraad : Drakenstein Brugproses**

**Junie 2021**

**Die dokument bevat die volgende:**


| | |
|---|---|
| | **Inleidende opmerkings 1** |
| **Die Brugproses: Fase 1** | **2** |
| Storiemuur: Februarie 2020 | 2 |
| Kultuurverslag 2020/21 | 3 |
| Konteksanalise | **4** |
| **Die Brugproses: Fase 2** | **7** |
| Sleutel bedieningsareas binne die gemeente | 7 |
| Sleutel bedieningsareas binne die gemeente grense | 8 |
| Gebruik van gemeente fasiliteite | 9 |
| **'n Paar Gevolgtrekkings** | **11** |


## 1. <u>Inleidende Opmerkings</u>

- **Covid 19 het 'n baie groot invloed op die brugproses gehad**. Die verskillende prosesse het momentum verloor en dit kon vinnig nie meer 'n brugproses genoem word nie.
- **Covid19 skep ook 'n klomp vrae en onsekerheid oor die toekoms**. Waar die brugproses 'n gemeente vir 'n nuwe seisoen voorberei, het niemand meer 'n idee oor hoe selfs die volgende ses maande gaan lyk nie.
- **Ons besef dat kerkwees/gemeente wees tot in sy fondamente geskud word in die tyd waarin ons leef**. En niemand is hierop voorberei nie. Daar is geen handboek om te volg nie. Wat ons ookal vorentoe doen gaan waagmoed vra. En foute gaan gemaak word. Maar daar is geen ander pad nie. *Dalk is dit wat dit beteken om in geloof te leef?*

**Die brugproses het die volgende werkswyse gevolg:**

**Die eerste twee vrae wat in die proses beantwoord is, is die volgende:**

- **Wat is aan die gebeur?** (Beskrywend) – die fokus hiervan is om inligting in te samel om sodoende patrone en dinamika van die spesifieke konteks te organiseer en te evalueer.
- **Hoekom gebeur dit?** (nterpreterend) – die fokus hiervan is om 'n verklaring vir die patrone en dinamika wat voorkom te vind.

**Om hierdie vrae te kan beantwoord is die volgende proses gevolg:**

- **Storiemuur:** Op Sondag 16 Febraurie kuier ongeveer 50 lidmate saam on na te dink oor Drakenstein gemeente se geskiedenis. Dit is 'n tyd van onthou, die goeie en die slegte, die hoogte- en die laagtepunte.

- **Kultuurverslag:** 'n Vraelys opgestel deur Communitas word deur 24 lidmate voltooi (6 in die binnekring van die gemeente, 12 minder betrokke, 6 nie meer betrokke by die gemeente). Communitas ontleed vraelys en stuur verslag.
- **Persoonlike gesprekke is gevoer met leiers in die gemeente en ander sleutelfigure wat uitgewys word.**
- **Konteksanalise:** Inligting oor die konteks waarbinne Drakenstein gemeente haar bevind word gedoen deur onder andere die volgende aktiwiteite: Demografiese studie, Besoek aan skole binne gemeentegrense, Besoek mediese klinieke in gemeentegrense, Gesprek met plaaslike politieke leiers, besoek aan polisie ens…

**Hierdie proses was teen Maart 2020 afgehandel.**

## 2. <u>Die Brugproses: Fase 1</u>

### a. <u>Die Storiemuur – Februarie 202</u>

**Samevattende opmerkings:**

- **Daar is 'n verlies en afname van lidmate - die volgende word hieroor opgemerk:**
  - Konflik word nie hanteer nie, eerder vermy – gemeentelede raak net weg en word nooit weer besoek of opgevolg nie.
  - In geheel is daar 'n gebrek aan pro-aktiewe leierskap - meeste van die tyd word re-aktief opgetree.
  - Daar was/is 'n groeiende verskynsel van "dooie" lidmate – mense wat net nie meer omgee oor kerklike betrokkenheid nie.
  - Daar is by baie lidmate 'n verlange om terug te keer na die "goeie ou dae…"
- **Tsv baie pogings verdwyn die gemeentekoor en verklein die Sondagskool**
  - Kinders wil wees waar hulle maats is… gesinne verander van gemeente
  - Die afstel/oopstel van gemeentegrense het dit maklik gemaak vir lidmate met kinders en tieners om sulke skuiwe te maak.
- **Alles rondom ons verander…**
  - Skeiding tussen skool en kerk: ouers speel nou 'n rol by die skool wat hulle vroeer by die kerk gespeel het.
  - Gesinsstrukture verander (hoë egskeidingsyfer, werkende ma's, ouers oorlaai, Sondae word familie/gesinsdag weg van kerk…)
  - Toename in ander aktiwiteite/vermaaklikhede/sport op Sondae – Sondae is nou vir familie, kleinkinders, buitelewe…
- **Oor tydperk was daar 'n groter wordende verlies aan rigting** – leierskap/eienaarskap (hoe het ons hier gekom?)
- **Gevoel van magteloosheid**


- Saam met magteloosheid kom die besef van magsverlies – die kerk het net nie meer die plek en ‘n stem in die samelewing soos vroeer nie.
- Ons moet ook rekening hou met die algemene moedeloosheid wat soms soos ‘n golf oor die hele wereld spoel.

**b. <u>Kultuurverslag 2020/21</u>**

| | |
|---|---|
| **Roeping van gemeente in lyn met waardes** | Gemeente toets bogemiddeld hoog: **Waardes van Oorgee, Omgee, Aangee is diep gevestig.** Dit is ‘n groot plus vir die proses en hoe om die gemeente te help om vorentoe te beweeg |
| **Afhanklikheid van God se Gees**<br>• Gebed<br>• Woord | Gemeente toets baie laag. Daar is nie ‘n kultuur in die gemeente om stil te word en te luister nie. Vergaderings is saak gedrewe met min tyd vir gebed en luister vanuit die Woord (Hier gaan dit nie oor opening met Skriflesing en gebed nie – dit gaan oor tyd wat afgestaan woord vir prosesse soos Wandel deur die Woord/Lectio Divina) |
| **Dissipelskap** | Gemeente toets baie laag. Daar is feitlik geen toerustingsprogramme in die gemeente wat lidmate begelei en toerus om as dissipels te leef en werk waar hulle is nie. |
| **Erediens** | Gemeente toets hoog. Daar word groot waarde aan die Sondagerediens geheg en lidmate sien dit as ‘n belangrike aspek van gemeente wees. Gemeentelede beleef ook eredienste as positief en die bywoning is vir die tye waarin ons leef gemiddeld tot hoog. |
| **Gasvryheid**<br>• Luisterkultuur<br>• Aktiewe betrokkenheid by mekaar<br>• Dra mekaar se laste<br>• Verwelkom “die ander” | Gemiddeld - die gemeente glo dat hulle ‘n gemeente is wat verwelkom en versorg, maar daar is wel ‘n gevoel dat dit iets is wat oor die jare begin verlore gaan het. Covid 19 het ook op die aspek van die gemeentelewe ‘n negatiewe invloed gehad. |
| **Waagmoed**<br>• Teenwoordig wees by armes (diegene op die rand van die samelewing)<br>• Vrygewigheid<br>• Kleingroep gedrewe betrokkeneheid | Passiewe betrokkenheid. Lidmate gee eerder geld/goed as om self aktief betrokke te wees. |
| **Missionale gerigtheid** | Passiewe betrokkenheid. Lidmate gee eerder geld as om self aktief betrokke te wees. |

c. <u>Konteksanalise:</u>

**Demografie van die gebied binne die gemeente grense**




---

**Algemene opmerkings:**

- Bogenoemde syfers is vir die groter gebied waarbinne die gemeentegrense val.
- Denneburg woonbuurt (sluit Klein Parys in), is 80% bruin met 'n gemiddelde ouderdom van 33. Die grootste persentasie van die inwoners praat Afrikaans.
- Baie van die bruinmense in Denneburg is gevestigde lidmate by ander gemeentes veral in Paarl-Oos.

In die afgelope paar jaar het groot **behuising ontwikkelings plaasgevind binne die grense van die gemeente**.

**Hier rondom het die gemeente die volgende uitdagings beleef:**

- Dit is baie moeilik om toegang tot sekuriteitskomplekse te kry as jy nie reeds iemand daarbinne ken nie.

- Binne die grense van Drakenstein gemeente het ons nie ‘n hoërskool nie – so daar is geen natuurlike kontak tot kinders of ouers uit hierdie komplekse nie. Die Laerskool binne die gemeentegrense bestaan hoofsaaklik uit kinders van Paarl-Oos. Meeste laerskoolkinders vanuit die nuwe ontwikkelings gaan na meer gemengde laerskole (waar ‘n groter teenwoordigheid van blanke kinders is). Dit ontneem ons van nog ‘n natuurlike kontakpunt met die kinders en ouers.
- Drakenstein gemeente het begin bekend staan as ‘n gemeente met ouer lidmate en daarom vind jy ook nie dat nuwe gesinne met kinders die gemeente kom besoek nie.

**<u>Konteksanalise</u> aan die hand van Mt 25.**

| Bybelse Beskrywing | Waarop dui hierdie nood? | Vrae vir ons gemeenskap? | Wat het ons ontdek? |
|---|---|---|---|
| ***"Ek was honger en dors…"*** | Primêre armoede – mense sonder kos en klere of onmiddelike werksmoontlikhede. | Hoe baie bedelaars en haweloses is in ons gemeenskap? (Dit dui gewoonlik op ‘n hoë vlak van werkloosheid, moeilike sosio-ekonomiese omstandighede ens.) | Daar is nie baie haweloses wat vanuit ons onmiddelike gemeenskap kom nie. Die wat wel hier is kom van buite om hier te kom bedel. ***Dit wil voorkom of ons tot nou toe wou seker maak dat die bedelaars en haweloses nie na ons kerkgebou toe kom nie. Is dit die korrekte manier om dit te hanteer? Is daar dalk ‘n ander manier waarop ons dit kan hanteer?*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***"Ek was 'n vreemdeling…"*** | Randfigure | Hoeveel geskeides, enkelouers, nuwe intrekkers, ouer mense wat vereensaam, immigrante, vlugtelinge is in ons gemeenskap? | Ouer mense wat kan vereensaam en ook ander uitdagings wat die ouderdom bring is 'n groot werklikheid in ons gemeente. ***Is daar meer wat ons as gemeente kan doen rondom die versorging van 'n ouderwordende gemeenskap? Kan ons fasiliteite meer effektief gebruik word in diens van die ouerwordende gemeenskap?*** Enkelouers en egskeiding is altyd 'n werklikheid – ook hier. ***Wat doen Drakenstein gemeente vir die versorging van mense wat deur egskeiding gaan? Moet ons iets doen?*** *Die maatskaplike werkers het ook melding gemaak van 'n behoefte aan gesinne/plek waar kinders vir kort periodes veilig versorg kan word…* ***Wil Drakenstein gemeente hierby betrokke raak? Wat is die nood by Drakenstein Laerskool?*** **- in watter mate wil die gemeente daarby betrokke raak?** |
| ***"Ek was sonder klere…"*** | Sekondêre armoede – enige broodgebrek a.g.v. korttermyn nood. | Hoe baie gesinne is daar wat finansieël swaarkry? Hoeveel gesinne is vasgevang in 'n skuldlas wat maak dat hulle nie kan oorleef nie? Hier gaan dit ook oor emosionele armoede wat sake aanraak soos huweliksverbrokkeling, gesinsverbrokkeling, gesinsgeweld ens. | Emosionele armoede is groot en loop reg deur die samelewing. Dit bly 'n groot uitdaging om maniere te kry om dit te kan aanspreek. ***Wat kan Drakenstein gemeente doen om veral die emosionele nood van mense in sy gemeenskap aan te spreek?*** *Kan daar meer gedoen word om* ***die letsels en merke wat COVID19 op ons samelewing laat, aan te spreek?*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***"Ek was siek…"*** | Gesondheidskrisisse | Wat is die behoefte aan siekebesoek in die gemeenskap (tuis/ hospitaal)? Wat is die gesondheidsuitdagings in ons gemeenskap: Alkoholisme? Dwelms? Tienerswangerskappe? HIV? | A.g.v ouderwordende gemeenskap sal behoefte aan siekebesoek groei.<br>Veral op plase is tienerswangerskappe, alkoholisme en dwelms 'n groot uitdaging.<br>***Kan ons as gemeente siekebesoek beter doen? Wat van die plase en jongmense en kinders? Het Drakenstein gemeente 'n rol daar te speel?<br>Is daar 'n behoefte om 'n kliniek vir ouer mense in ons gemeenskap by die gemeente in te rig?*** |
| **"Ek was in die tronk…"** | Misdaad | Is daar voorvalle van bendegeweld in ons gemeenskap?<br>Hoe lyk verslawings?<br>Wat gebeur in die tronk? | Drakenstein het nie bendegeweld in sy onmiddelike omgewing nie, maar woonbuurtes naby aan Denneburg is bekend vir bendegeweld en verslawing. Laasgenoemde is ook 'n probleem op die plase soos reeds vermeld. ***Is daar 'n rol wat Drakenstein gemeente kan speel?***<br>Viktor Verster gevangenis is binne die gemeente grense maar daar is op die oomblik geen betrokkenheid by bediening aan gevangenis***.<br>Moet dit verander?*** |

**3. <u>Die Brugproses: Fase 2</u>**

**Wat behoort ons te doen? (Normatiewe taak)** – Sleutel bedieningsareas word geidentifiseer en moontlikhede vir wat gedoen kan word, word ondersoek. Daar word ook voortdurend gekyk hoe die waardes van die gemeente in hierdie bedieninge grondvat en uitgeleef word. 'n Verslag met voorstelle word aan die einde van die proses aan die kerkraad voorgelê.

**a. Sleutel bedieningareas binne die gemeente word geidentifiseer:**

- **Sondagerediens** – 'n werksgroep is gevorm om oor hierdie bediening saam te dink. Die groot vraag is hoe ons die waardes van Oorgee en Omgee en Aangee binne die erediens laat grondvat. Groot vordering is reeds gemaak om 'n kultuur van "almal is

welkom" binne die erediens te skep. Daar word ook aandag aan die fisiese ruimte van die kerkgebou gegee om daardeur die waardes te reflekteer. Ongelukkig het Covid 19 baie van die prosesse en inisiatiewe vertraag en beperk.

- **Jeug** – Die groot vraag hier is: wat is die beste manier om die kinders (voorskool tot laerskool – ongeveer 20) en jongmense (hoërskool – ongeveer 12) wat in ons gemeente oorgebly het, te bedien? Op die oomblik is die fokus op die bou van verhoudings – die kinders en jongmense ken nie mekaar nie en voel ook nie noodwendig tuis in die gemeente nie. Die klem word ook op 'n familie (intergeneratiewe) benadering geplaas. Dit is 'n bediening wat stadig weer van onder af opgebou moet word. Die gesprek is aan die gang en byeenkomste is aangepas om hierdie doelwitte aan te spreek. Ongelukkig is dit ook hier 'n geval dat Covid19 enige momentum keer.

- **Woordbediening** – Hoe kan die bediening van die Woord buite die erediens gebeur? Bybelskool/Kleingroepe/Omgeegroepe/Selgroepe/40 dae kursusse wat sake in die groter gemeenskap aamspreek/Alternatiewe eredienste?

  - Op die oomblik word gewerk aan die **vestiging van 'n Bybelskool**. 15-20 mense woon die weeklikse byeenkoms gereeld by met 4/5 besoekers wat nie lidmate van die gemeente is nie.

  - **Gebedsbediening** – Die vraag op die tafel hier is hoe skep ons ruimtes vir stilword en gebed? Die volgende het reeds in die laaste paar maande gebeur:

    - Daar word **momente in die erediens** geskep vir stilword asook gebed.

    - Daar is 'n proses om die **vergadering kultuur** wat fokus op die afhandeling van 'n agenda te verander deur tyd te skep vir stilword en luister (Wandel deur die Woord?Lectio Divina) – Hierdie is 'n stadige proses.

    - **'n Ruimte vir stilte en gebed is in die Syvleuel van die gemeente ingerig** en lidmate kan elke Woensdag tussen 17h00 en 19h00 daarvan gebruik maak. 'n Gemiddeld van so 3-6 persone het oor die laaste paar maande die ruimte op 'n gereelde basis gebruik.

    - Tydens **Pinkster** was daar ook moeite gedoen met **tyd vir stilword en gebed** en die 6 dienste is baie goed bygewoon.

- **Getuienisbediening** – Hier is die fokus primer na dit wat buite die gemeente (buite Paarl) gebeur asook die Moslembediening (wat ook in die Paarl gebeur). Daar is gevestigde bedieninge (sendelinge wat ondersteun word) en daar word gewerk aan hoe om die bedieninge weer in lyn met die waardes van die gemeente te bring (Oorgee, Omgee, Aangee). Die gesprekke is goed aan die gang.

- **Kommunikasie** – Hoe verbeter ons kommunikasie na al ons gemeentelede? Hoe kommunikeer ons na 'n groter wêreld daar buite? Hoe benut ons sosiale media en ander vorms van kommunikasie die beste? 'n Unieke uitdaging in die gemeente is dat baie van die ouer lidmate beperkte toegang het tot tegnologie om dit wat beskikbaar gemaak word te kan benut. Die volgende is reeds gedoen:

    - ‘n Webwerf is vir die gemeente geskep met ‘n groot klem op eenvoud en verbruikersvriendelikheid. Ons is in ‘n proses om ons lidmate hieraan bekend te stel en te help om toegang daartoe te verkry.
    - Ons eredienste word lewendig uitgesaai en is aanlyn beskikbaar (Dmv die website asook die gemeente se YouTube kanaal en Facebook bladsy.)
    - Alle gemeentelede wat whatsapp benut kry weekliks inligting vanuit die kerkkantoor.
- **Senior bediening** – As ‘n ouderwordende gemeente is dit die een ding wat Drakenstein gemeente goed moet doen – die versorging van sy bejaardes…
    - **‘n Senior Bediening is op die been gebring** ten spyte van die uitdagings van Covid 19 wat ‘n groot speek in die wiel is om momentum te kry. Daar is egter baie idees oor hoe hierdie bediening lidmate sowel as nie lidmate bo 65 in die gemeenskap kan bedien. Van die idees op die tafel is:
        - Versorging van lidmate en nie-lidmate wat vereensaam
        - ‘n Kliniek by die kerkgebou
        - Oefengroepe
        - Help met huiswerk vir kinders (toesig en lees)
        - Siekebesoek

*Die gesprek gaan voort…*

**b. Sleutel bedieningsares buite die gemeente grense:**

- **Diens van Barmhartigheid –** uit die konteksanalise is daar heelwat uitdagings wat aangespreek moet word. In die tye waarin ons leef **behoort hierdie een van die sleutelbedieninge van die gemeente te wees.** Daar is op die oomblik drie aktwiteite wat vanuit die bediening bestaan:
    - Bediening aan **Huis Hakea** van die Kinderhuis
    - Betrokkenheid aan **Rusoord** Ouetehuis
    - **VIS (Danny se bediening)** – *Die bediening staan nou eers stil… gesprekke met ring en kinders moet dringend gevoer word…*
        - Drakenstein gemeente het wel ‘n goed toegeruste kombuis waaruit kos voorberei kan word om waar die nood ookal is te voorsien… hier is ruimte om nog baie te droom…
- **Plaasbediening** – Amos bediening is goed gevestig en aan die gang met groot sukses. Daar is egter ‘n groot behoefte vir ‘n bediening aan kinders en jongmense op die plase (Amos kan nie die behoefte aanspreek nie). Hier is ‘n groot bedieningsmoontlikheid wat deur die gemeente in samewerking met ander instansies aangespreek kan word.
- Wat kan Drakenstein gemeente doen **om veral die emosionele nood** van mense in sy gemeenskap aan te spreek?

  - Spreekkamer by kerk vir 'n pastorale versorger
  - Kursusse: Egskeiding; Alleen ouerskap; Ouerskap; Hantering van verlies ens…

- Drakenstein gemeente moet ondersoek instel en besluit oor betrokkenheid by plekke soos die tronk en die laerskool.
- **Denneburg woonbuurt** – Hoe bedien ons Denneburg woonbuurt vanuit die gemeentefasiliteite wat ons het? Hoe word ons gemeente 'n plek wat die hele gemeenskap bedien?

**c. Gebruik van die van die gemeente se fasiliteite**

**Konteks vir gesprek:**

- Drakenstein gemeente is in n onmiddelike konteks (Denneburg en Klein Parys) waar 80% van die inwoners bruin is met n gemiddelde ouderdom van 33.

- Lidmate van Drakenstein gemeente is egter heelwat ouer (gemiddeld 60+) en hoofsaaklik wit.

- Binne die gemeente grense is daar 'n groot verskeidenheid van sosiale groeperinge - van plaaswerkers tot luukse sekuriteitswoonbuurtes.

- die onmiddelike woonbuurt om die kerk is 'n middelklas woonbuurt met hoofsaaklik wit en bruin inwoners.

Drakenstein gemeente is geseen met wonderlike fasiliteite op die kerkgronde in Denneburg. Op die terrein is 'n

- ruim 5 slaapkamer huis
- 'n tradisionele kerkgebou met sysaal/vleuel.
- 'n Saal met goed toegeruste kombuis.
- Kategese klaskamers van verskillende grotes.
- Groot grasperk
- Parkeer terrein

Die gemeente bestaan uit lidmate wat gedryf word deur die waardes van Oorgee, Omgee en Aangee.

**Die vraag op die tafel:**

***Hoe kan al hierdie fasiliteite aangewend word om die gemeenskap waarbinne die gemeente geplaas is, die beste te bedien?***

**Om bogenoemde vraag te antwoord, word 'n dinkskrum gehou.**

- Daar is geen beperkinge op idees of voorstelle nie – daar sal later ‘n proses van evaluasie wees. Bv: Moenie dink die pastorie is vir predikant nie - kan die huis nie dalk vir iets anders gebruik word nie?
- Almal word uitgedaag om oop, visioner, kreatief wees...

**Samevatting van gedagtes wat vanuit die groepe gekom het:**

| | |
|---|---|
| **Die Kerkgebou**<br>- Musiek konserte<br>- Film/video vertonings<br>- Uitverhuur aan ander kerkgroepe | **Die Syvleuel/saal****<br>- Word omskep in meerdoelige konferensie fasiliteit.<br>- Kan aan kleiner kerkgroepe uitverhuur word<br>- Kan gebruik word/uitverhuur word vir werkswinkels, opleidingsgeleenthede |
| **Die Saal en die kombuis**<br>- **Die failiteit kan verhuur word vir inkomste:**<br>o Oefen/dans/sport groepe<br>o Troues<br>o Prys uitdelings (soms soek skole kleiner ruimtes)<br>o Spyseniering… ander funksies…<br>- **Die saal kan ook gebruik word vir:**<br>o Klub vir bejaardes/vir dames…<br>o Kliniek<br>o Sopkombuis<br>- **Die kombuis kan gebruik word as plek waar kos voorberei** word vir plekke waar kos nood is | **Die kategese klaskamers****<br>- Kan verhuur word as:<br>o Stoorplekke<br>o Besigheids”hub”<br>o Klinieksuster<br>o Aan terapeute/beraders<br>o Kamerwinkel<br>o Sang/musiekklasse |

| **Die Pastorie**** | **Nog gedagtes:**** |
| --- | --- |
| - Nasorgsentrum<br>- Tehuis vir ongehude moeders, mishandeldes…plek van veiligheid vir babas wat in pleegsorg geplaas moet word<br>- Sentrum vir outisme<br>- Bed en ontbyt | - Coffeeshop – kan daar iewers 'n coffeshop wees? Of dalk 'n mobiele koffiekaravaan voor die kerk vir voetgangers wat daagliks verby die kerk stap<br>- "Movie nights" op grasperk vir die woonbuurt<br>- Kan die gedenkmuur met Nissies verder uitgebrei word?<br>- "Skateboard" ruimte op parkeerterrein vir jongmense<br>- Kamer met stortgeriewe ingerig om mense van straat af te help soos nodig.<br>- Labyrinth op voorste grasperk.<br>- Speelpark op agterste grasperk vir kinders uit die woonbuurt.<br>- Maandelike Varsprodukte mark met produkte van boere uit omgewing.<br>- Gereelde markgeleenthede vir mense uit die omgewing om hul produkte te verkoop<br>- Tweedehandse klerewinkel. |

*** Daar sal verandering aan die bestaande ruimtes gemaak moet word om van die voorstelle te kan deurvoer.*

**Vanuit die gesprekke was die volgende duidelik:**

- Drakenstein gemeente het die fasiliteite as 'n groot seen en moet dit as 'n seen gebruik in diens van die gemeenskap.
- Daar moet 'n balans gevind word tussen aktiwiteite wat inkomste genereer en die wat 'n gratis diens lewer aan die gemeenskap.
- Gemeenskapsaktiwiteite soos bv. 'n sopkombuis moet strategies goed deurdink word en alle rolspelers moet in ag geneem word.
- Die waardes van Oorgee, Omgee, Aangee moet altyd voorop wees wanneer besluite geneem word oor wat gedoen kan/moet word.
- Daar vind alreeds verhuring van fasiliteite plaas. Daar moet in hierdie jaar reeds met meer aktiwiteite geeksperimenteer word.
- Gesprekke moet gevoer word met ander rolspelers soos skole, maatskaplike dienste, entrepeneurs ens. om bewus te kan raak van nog meer behoeftes en moontlikhede.

**4. <u>'n Paar Gevolgtrekkings:</u>**

Algemene opmerkings en gevolgtrekkings:

- **Die toekoms van Drakenstein gemeente lê nie in 'n tradisionele gemeente model waar die fokus val op 'n voltydse predikant, die Sondagerediens en gemeentebedieninge nie.** 'n

Skuif moet plaasvind waar die fokus val op die vraag oor oor hoe die gemeente met al sy fasiliteite so bestuur kan word, dat dit in diens van die groter gemeenskap staan. Gemeentes wat oor die langer tyd gaan bly voortbestaan gaan gemeente wees wat aktief hulle groter gemeenskappe bedien.

- Waar daar tradisioneel gewerk is met gemeentebediening 80% van die gemeente se fokus is en die gemeenskap 20% (In terme van begroting, aanwending van failiteite asook personeel), **moet dit omgedraai word – gemeentebediening 20% en bediening aan die gemeenskap 80%.** Die diagram op die volgende bladsy probeer 'n prentjie gee - alhoewel alles steeds gemeente bediening is, word ter wille van die diagram gepraat van "tradisionele" gemeentebediening en dan gemeenskap bediening. En nattuurlik is daar oorvleueling. *Die vraag is dan: Wie is die personeel benodig vir so bediening? Hoe lyk die gemeentestruktuur (bestuur) vir so bediening? Voldoen ons fasiliteite aan wat nodig is vir so bediening?*
- Hierdie is nie 'n skuif wat oornag gaan gebeur nie. **Daar sal op 'n strategie besluit moet word wat die gemeente op hierdie pad oor 'n tydperk te vat.**

**Gemeente Bedieninge**

- Erediens (Blokkerk/Selgroepe…
- Getuienis *(Wereldfokus)*
- Pastorale versorging

*(Fokus op lidmate van die gemeente)*

**Gemeens**

- Denneburg woo
- Huis Hakea
- Rusoord
- VIS: Paarl – Oos
- Plase: Kinders e
- Al die potentië gebruik van die f

*(Fokus op liddmate en n woonbuurt)*

**Bedieninge wat potensieel kan oorvleuel**

- Senior bediening
- Bybelskool
- Jeugbediening
- Sondag Erediens

**Gemeente Fasiliteite**

Kerkgebou met
Aanbiddingsruimte
Syvleuel en
Konsistorie
Saal en Kombuis
Kerkkantoor en Klaskamers
Pastorie
Grasperke, Parkeer terrein

**Personeel benodig?**